Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8

Teksverse: Romeine 12:1-2

Tema: Op grond van die groot ontferming van God, gee jouself as lewende en heilige offers en laat só jou geloof groei!

Ons het die afgelope paar weke ontsettend baie geleer oor geestelike groei. Ons het geleer dat die weg van saligheid of die heilsorde die fondament of die wortels van geestelike groei is. Ons het geleer dat die Heilige Gees die Een is wat geestelike groei moontlik maak en dat dit die Heilige Gees is wat, deur ons gehoorsaamheid, ons geloof laat groei. Ons het geleer wat die verhouding tussen die Wet van God en God se liefde is en hoe God se liefde ons dring om gehoorsaam te wees aan sy Wet en dat ons geloof só kan groei.

Laas week was ons verstom oor die rykdom van 1 Petrus 2:1-8 en dat geestelike groei die stam is waardeur ons geloofsboom groei en dat die vrug daarvan is dat ons Jesus Christus beter leer ken. Ons kan dus sê dat geestelike groei die proses is waardeur ek groei in my intimiteit met Jesus Christus.

Die vraag is egter: wat kan ek prakties doen, sodat my geloof kan groei. Ons het in vier weke ontsettend baie geleer oor die "wat" van geestelike groei, maar wat is die "hoe" van geestelike groei? Hoe kan ek geestelik groei? Dit is wanneer ons hierdie vraag wil beantwoord, wat die Here vir ons deur Paulus `n antwoord gee in Romeine 12 tot 16. Maar voor ons hierdie hele antwoord kry, is daar `n samevatting van hoe ek geestelik kan groei: "En nou doen ek `n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself as lewendige en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."

Hoor waar begin die Here met hierdie praktiese samevatting oor geestelike groei: "op grond van die groot ontferming van God..." Dit is waar geestelike groei begin: wanneer ek diep bewus is van Wie God is en hoe groot en onbeskryflik sy genade oor my lewe is! Sien, in hoofstukke 3 tot 11 van hierdie brief aan die Romeine, het Paulus net geskryf oor die groot genade van God. Op elke bladsy voor Romeine 12:1 lees ons van die genade van die Here. Genade wat só groot is dat Paulus in Romeine 11 eindig met hierdie loflied:

"O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom `n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!"

Dit is eers wanneer ons werklik begin besef dat God se grootheid en sy genade die wortels van geestelike groei is, wat ons gewillig sal wees dat ons geestelik kan groei. Dit is nadat die Here ons hierop gewys het, dat hy vir ons `n praktiese samevatting gee: "Gee julleself as lewendige en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

Om jouself te gee beteken dat jy gewillig jouself oorgee aan Iemand groter en belangriker as jouself. Wanneer jy jouself aan die Here gee, beteken dit in werklikheid dat jy Sy heerskappy oor jou erken en dat jy daarmee erken dat jy aan Hom behoort. Om dit só eenvoudig te stel: om jouself aan die Here te gee as `n offer beteken dat jy eienaarskap oorteken aan Hom. Dit beteken dat jy dit werklik

bedoel wanneer jy bely dat jy met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan jouself nie, maar aan jou getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort.

Maar dit is nie al nie. Jy moet jouself gee as `n lewende en heilige offer wat vir God aanneemlik is. In die Here se Woord hoor ons in werklikheid net van twee lewende offers. Die eerste een was Isak, wat gewillig op die altaar geklim het toe Abraham die opdrag gekry het dat hy vir Isak moes offer. Alhoewel die Here ingegryp het en `n ram gegee het wat Abraham in Isak se plek kon offer, het Isak van daardie altaar afgeklim as `n lewende offer: Hy was iemand wat homself gewillig, uit eie keuse, oorgegee het om tot eer van die Here sy lewe op te offer.

Die ander lewende offer was natuurlik Jesus Christus. Alhoewel Hy aan die kruis vir ons sondes gesterf het, het Hy gewillig, in gehoorsaamheid aan God die Vader, aan daardie kruis vir ons gesterf en die dood oorwin! Na drie dae in die graf het Christus opgestaan en lewendig uit die graf gekom - werklik `n lewende offer tot eer van die Here!

Hoe wonderlik is dit om dan te onthou dat Paulus ook gesê dat ons wat in Jesus Christus glo saam met Hom gesterf het, maar dat ons ook saam met Hom opgestaan het en dat ons nou dood is vir die sonde. In daardie opsig is ons reeds lewende offers tot eer van God. Dit is egter wanneer ons onsself gee wat ons sê dat hierdie nuwe lewe in Jesus Christus nou my lewe gaan bepaal. As gelowige leef ek nie meer vir myself nie, maar tot eer van die Here en daarom bepaal sy opdragte my lewe.

Maar ons moet ook heilige offers wees! Gewoonlik sal ons sê dat iets wat heilig is, iets is wat eenkant gesit word vir `n sekere doel. En deels is dit wat "heilig" beteken, maar tog is dit nie al nie! As ons heilig bloot net sien as iets wat eenkant gesit is vir `n sekere doel, is die Bhuddiste tempel by Bronkhorstspruit en elke Moslem moskee in ons land ook heilig. Nee, om heilig te wees beteken vir `n christen dat jy eenkant gesit word vir `n sekere doel, maar dat jy ook sonder sonde is! Daarom dat God sê "Wees heilig, want Ek is heilig!"

Ook hier hoor ons eers die genade van die Here, voor ons opgeroep word om iets te doen. Ons hoor die genade van die Here, omdat ons weet dat die Heilige Gees ons afgesonder en verseël het as die eiendom van God en ons weet dat ons sondes afgewas is deur die bloed van Jesus Christus toe Hy aan die kruis vir ons gesterf het. En in hierdie sin is elke gelowige reeds heilig. Maar ons moet ook heilig wees! Om dan heilig te wees, beteken aan die een kant dat ek met die wete leef dat ek vir God afgesonder is en dat ek skoon gewas is in die bloed van Christus, maar dat ek ook met alles in my stry teen die sonde. Om `n heilige offer te wees beteken dat ek nie toelaat dat die sonde my meesleur nie.

Maar dan moet ons weer vra: Hoe doen ek dit? Hoe gee ek myself as `n lewende en heilige offer wat vir God aanneemlik is? Ook hierdie vraag antwoord Paulus vir ons in Romeine 12:2 wanneer hy sê dat ons nie aan hierdie sondige wêreld gelyk moet word nie, maar dat God ons moet verander deur ons denke te vernuwe. Dit is dan wat ons sal kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Om aan iets gelyk te word kan ons vergelyk met `n koekie-drukker. In hierdie vers sal dit beteken dat die sondige wêreld kom en sy koekie-drukker vorm op ons afdruk. Die gevolg daarvan is dat ons soos die wêreld dink oor sake. Ons soek ons genot, vreuGode en lewensvervulling op dieselfde

manier as wat die sondige wêreld dit soek. Dan kom die wêreld en dit verander ons denke, sodat ons op `n wêreldse manier na die lewe kyk.

`n Voorbeeld hiervan sal wees dat ek dan na die kerk van die Here kyk as `n klub of sosiale groep wat vir my sekere dienste moet gee. My dankoffer is dan `n "lidmaatskapfooi" en wanneer hierdie kerk-"klub" nie vir my die diens gee waarvan ek hou nie, dan skakel ek bloot by `n ander kerk-"klub" in en gee my "lidmaatskapfooi" vir hulle. Dan is die kerk `n plek waar ek `n diens kan verbruik - ek word `n verbruiker in, met respek gesê, die God-besigheid.

Daarom dat Paulus vir ons sê dat ons nie aan die wêreld se koekie-drukker denke gelyk moet word nie, maar dat God ons moet verander deur ons denke te vernuwe. Dit beteken dat ek tot God moet bid en smeek dat die Heilige Gees my denke nuut sal maak. Dit beteken dat ek baie tyd in die Woord van die Here sal deurbring, sodat ek sal leer wat God se wil is - wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Wanneer ons só biddend smeek dat God ons sal verander deur ons denke te vernuwe, word Romeine 12 to 16 vir ons `n praktiese gids vir hóé ons kan lewe, sodat ons geestelik kan groei. Wanneer ons só tyd in die Here se Woord deurbring, hoor ons hoe ons eintlik oor ons voorbeeld van vroeër, die kerk moet dink. Dan hoor ons dat die kerk van die Here nie `n klub of sosiale groep is nie, maar dat dit `n huisgesin is. Dan hoor ons dat ons nie deel van die kerk is om gedien te word nie, maar dat ons deel is van die kerk om te dien.

Dan besef ek dat my dankoffer juis dit is - `n offer aan die Here wat ek gee uit alles wat ek ontvang het! Dan besef ek dat ek nie maar net my goed kan vat en na `n ander gemeente toe kan gaan as ek nie gelukkig is nie. Nee, dan besef ek dat die Here my in hierdie gemeente geplaas het met `n sekere doel en met sekere gawes, sodat ek ander lidmate kan begelei in geestelike groei.

Daarom dat Paulus, wanneer hy ons leer oor hoe ons geestelik kan groei en hy klaar die inleiding gegee het, begin deur te praat van ons elkeen se plek in die gemeente. Dit is alleen wanneer ek my gawes, wat die Here vir my uit sy groot ontferming gegee het, in die gemeente gebruik, wat ek geestelik kan groei. Dit is in die gemeente wat God begin om my te verander deur my denke te vernuwe. En dit eers dan, wat ek die rykdom daarvan kan besef om myself aan God te gee as `n lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is!

Mag elkeen van ons deur God die Heilige Gees geaktiveer word om ons gawes in die gemeente te gebruik. Mag die Heilige Gees elkeen van ons herinner en troos met die wonderlike wete van God se groot ontferming. Mag elkeen van ons begryp Wie God werklik is, hoe groot Hy is en watter wonderlike genade Hy aan ons gegee het. En mag elkeen van ons, op grond van hierdie groot ontferming van God, onsself aan God gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is, sodat ons geestelik kan groei.

Amen